

JD D110 GRASSNYER KOMPETISIE

Kompetisiereëls:

1. Kompetisiebesonderhede en die wyse van inskrywing word in die advertensie verstryk wat op die JDI webtuiste en Facebookblad is.
2. Enigiemand mag inskryf, buiten JDI en Senwes Groep direkteure, lede, vennote, werknemers, agente, konsultante of enige ander persoon wie direk of indirek die promotor beheer of deur die promotor beheer word of 'n bemarkingsdiensverskaffer is in respek van die promosiekompetisie, of die gades, lewensmaat, besigheidsvennoot of onmiddellike familieledede.
3. Die kompetisie sal op 01 April 2017 om 00:00 open en sluit om middernag op 31 Augustus 2017.
4. JDI aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat ons nie bereik of selfs verlore raak.
5. JDI aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade of verlies wat gelei is deur die persoon wat inskryf.
6. Die prys moet op 15 September 2017 by die Megaweek Landbouskou in Bredasdorp opgeëis word.
7. JDI sal slegs die reis, akkommodasie en dagkoste vir die wenner en sy/haar vennoot dek, en indien die wenner wel hierdie bystand benodig om die prys by die Megaweek in Bredasdorp op te eis, word die kostes tot R5 000 beperk.
8. Vervoer van die prys is op die wenner se eie onkoste.
9. Die kompetisiewenner mag versoek word om vir toekomstige JDI advertensiedoeleindes beskikbaar te wees, indien dit nodig sou wees, wat die publisering van foto's, name en vanne kan insluit.
10. JDI is vir die prys verantwoordelik.
11. Die prys kan nie vir kontant omgeruil word nie.
12. Die besluit van die beoordelaars vir finaal en geen korrespondensie sal hieroor gevoer word indien daar 'n dispuut ontstaan nie.
13. Die wenner sal uit die poel van inskrywings gekies word met die gekose wenner wat op 1 September 2017 by Senwes Hoofkantoor in Klerksdorp deur 'n ewekansige nommersistiem gekies sal word. Die trekking sal onder die toesig van 'n onafhanklike ouditeur/prokureur geskied om te sertifiseer en te bevestig dat die trekking op 'n ordelike manier plaasvind.
14. Die wenner sal telefonies of per e-pos by die telefoonnommer of e-posadres gekontak word soos in die inskrywing verskaf.
15. Enige verdere inligting rakende die kompetisie en die kompetisiereëls kan op die JDI webtuiste by www.jdimplemente.co.za verkry word of telefonies by 018 4647349.